

Besnoeiings verkneg Suid-Afrikaners aan ANC-regering

Deur Gizella Opperman MP – DA-lid op die portefeulje komitee oor maatskaplike ontwikkeling

Met 'n volgehoue R2 miljard jaar op jaar besnoeiing binne die departement vir maatskaplike ontwikkeling, hoef jy nie verder as program 4 te kyk om te besef hierdie is beslis nie 'n pro-arm begroting nie. Dit skyn wel 'n gedaante van armsaligheid en armlastigheid te hê.

Vanuit die 11 subprogramme onder program 4 gemoed met welsynsdienste-beleidsontwikkeling en -implementering, toon slegs drie uit die 11 subprogramme positiewe begrotings. Die res van die oorblywende agt subprogramme is in 'n afdraende stryd teen besnoeiing en allokasie vermindering gewikkel.

Besteding op program 4 self word verminder van R1.8 miljard in die huidige boekjaar na R1.6 miljard in die 2023/24 boekjaar. Die grootste verloorers onder program 4 is die teensubstansmisbruikprogram wat skerp besnoei word, die ouer persone -program wat met R1.1 miljoen verminder word, asook die program vir ongeskikheidsregte wat drasties afwaarts aangepas is en wat bloot verdere marginalisering van hierdie sektor teweeg sal bring.

Beide die subprogramme vir kinderdienste en gesinne se begrotings is besnoei en die HIV/VIGS subprogram is met 'n miljoen rand verminder.

Terwyl al hierdie besnoeiings egter geskied, is daar 'n drastiese vermindering aan fondse regoor die provinsies aan wie daar sedert 2020/21 volle verantwoordelikheid oorgedra is vir psigososiale ondersteuning, skuilings, fondse vir voedselverligting, MIV/VIGS, en nie-regeringsorganisasies. Die provinsiale departement in die Noord-Kaap, my komvandaan, se besnoeiings beloop R909 miljoen, sonder enige alternatief om die impak van hierdie vermindering in allokasie te versag of teë te werk.

Die Nasionale Ontwikkeling Agentskap is so onderbefonds dat hul nie eens in staat is om hul mandaat van armoede verligting en armoede bekamping uit te voer nie. Met 'n 11% besnoeiing in die komende boekjaar beteken dit R26.7 miljoen minder aan finansiële hulp aan gemeenskapsgebaseerde organisasies (CSOs) wie armoede moet beveg op voetsoolvlak. Hulle NPO begroting alleen is met R9.2 miljard onderbefonds. Die volgehoue konstante vermindering van fondse en voortdurende besnoeiings moet tog die doelstellings en dienslewering van die departement knou?

Ergers nog; daar is nul rand nul sent begroot vir die subprogram, maatskaplike werkers beursgeleenthede, wat beteken 'n hele R3.4 miljoen is gesny. Dit terwyl ons land reeds ernstige tekorte aan dié skaars vaardigheid het, en daar 'n groeiende behoefte aan maatskaplike werkers is. Ons benodig tans 70 000 maatskaplike werkers slegs om die aangepaste kinderswet te implementeer, en het slegs 17 500 geregistreerde maatskaplike werkers in die veld. Daar is nie 'n dooie sent begroot vir opleiding van nuwe maatskaplike werkers nie, maar ons kort 'n verdere 5 000 maatskaplike werkers om slegs die substansmisbruikprogram te implementeer. Dit terwyl die program self gesny is van R21.9 miljoen na R20.7 miljoen vir die komende boekjaar.

As ons in ag neem dat substans misbruik tans die hoogste inskiet weens werkloosheid en hopeloosheid, hoe regverdig jy so 'n besnoeiing? Die gebruik van tik en kokaïne is twee maal hoër in Suid-Afrika as in die res van die wêreld, maar ons sny die rieme al stywer soos klein lyntjies coke met 'n SASSA-kaart.

Dié is programme wat die weerloostes en kwesbares tot redding moet wees. Hoe sny jy aan programme wat senior burgers beïnvloed asook, kinders, families, dwelmafhanklikes, mense wie met MIV/VIGS saamleef asook persone wat met gestremdhede saamlewe en noem dít 'n pro-arm begroting?

15% van Suid-Afrikaners sit met 'n dwelm probleem en die fetale alkoholsindroom koers is vyf maal hoër in ons land as in ander lande. Hier drink tieners om te vergeet, kry kinders kinders, en sit 10 miljoen welgeskape mense sonder werk of hoop. Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar ons oorlog is teen armoede, staatsverknegting, en ongelykhede. In hierdie oorlog is ons tans lelik aan die verloorkant.